Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys

Mnr. Enver Surty, Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys wat daarop gemik is om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie, en is deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie moontlik gemaak. Aldus is die Departement in staat gestel om die boeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind, en dat dit u sal help om seker te maak dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die werkboeke is voorsien van ikone wat aandui wat die leerders te doen staan.

Ons hoop ook dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle gaan geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.

ISBN 978-1-4315-0049-9
9 781431 500499

Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 1 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0049-9
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

Ons leer van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)

Die Grondwet van Suid-Afrika (1996) is die hoogste wet in die land. Hierdie wet is hoër as die President, hoër as die howe en hoër as die regering.

Die Grondwet beskryf hoe die mense van die land mekaar moet behandel, wat hulle regte is en wat hulle verantwoordelikhede teenoor mekaar is. Die Grondwet is daar om ons almal vandag te beskerm en om die kinders van die toekoms te beskerm.

Onthou ons verlede.	**Ons moenie die foute van die verlede herhaal nie.**	**Ons Grondwet help ons om 'n beter toekoms vir almal te beplan en te bou.**

Ons, die mense van Suid-Afrika,

Erken die ongeregtighede van ons verlede;

Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;

Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en

Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.

Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde—

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en
- 'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Maak aanspraak op jou regte as 'n Suid-Afrikaner en beskerm die regte van andere.	**Maak seker dat jy die Handves van Regte en Verantwoordelikhede ken.**

Mag God ons mense beskerm.
Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.
God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.
Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.

Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:

- *Geïntegreerde Werkboek per kwartaal vir Gr. R (In al die amptelike tale)*
- *Huistaal Graad 1 – 6 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 1 – 3 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 4 – 9 (In Engels en Afrikaans)*
- *Lewensvaardigheid Graad 1 – 3 (In al die amptelike tale)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 1 – 2 (In al die amptelike tale)*
- *Eerst Addisionele Taal Graad 3 – 6 (In Engels)*
- *Een Grootboek per kwartaal vir Graad 1, elk met 6 – 8 stories. (In al die amptelike tale)*
- *Vier plakkate per kwartaal tesame met die IBAT-Werkboeke vir Graad 1*

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 1 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0049-9

Hersien volgens die KABV 2015



Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS HUISTAAL

Graad 1

Boek 2

Kwartaal 3 & 4

Alfabet

Laat jou vingers jou help om te lees

Wanneer jy lees, sal jy partykeer woorde kry wat jy nie ken nie. Wanneer dit gebeur, kan jy jou vingers gebruik. Elke vinger kan jou help om uit te werk hoe om die woorde te sê en wat die woorde beteken.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Fifth edition 2015

ISBN 978-1-4315-0049-9

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

This book may not be sold.

Graad 1

Rainbow WORKBOOKS

Huistaal

in AFRIKAANS

AFRIKAANS

Boek 2

Hierdie boek behoort aan:

_____

Inhoud

Tema 5: Die dinge wat ons geniet — Kwartaal 3 – Week 1-4

66 Troeteldiere 2

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: enkelvokale.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter A.
Skryf: Skryf 'n sin oor.

66 Nog troeteldiere 4

Vul die korrekte vokale in sodat die woorde by die prente pas.
Klanke: Soek en omkring vokale.
Gebruik die alfabet om kolletjies te verbind en 'n prent te voltooi.
Skryf: Oefen dit om sy of haar naam en van te skryf.

67 Pret in die son 6

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: enkelvokale.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter B.
Skryf: Skryf die sin oor.

68 In die son 8

Vul vokale in om die woorde by die prentjies te laat pas.
Klanke: Verbind elke kleinletter met sy hoofletter.
Pretaktiwiteit: Omkring die prentjies wat nie by die ander pas nie.

69 Ons speel 10

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: Woorde met st-, bl- en sl-.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter C.
Skryf: Skryf die sin oor.

70 Ek hou van speel 12

Verbind die woorde met die korrekte prentjies.
Omkring die korrekte klanke in sinne.
Verbind die woorde met die korrekte prentjies.
Pretaktiwiteit: Soek op 'n kaart die pad wat die kinders moet volg.

71 Dis lekker om te hardloop 14

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woord met sp- en st-.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter D.
Skryf: Skryf die sin oor.
Pretaktiwiteit: Gesels oor wat in die prentjies gebeur het.

72 Om te wen 16

Gesels oor 'n prent.
Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne.
Gesels oor wat in die prentjies gebeur het.
Voltooi die woorde sodat dit by die prentjies pas.

73 By die winkel 18

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: dubbelvokale.
Kies die kaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter E.
Skryf: Skryf die sin oor.

74 Wat gaan ons koop? 20

Gesels oor 'n prent.
Klanke: Vul sl-, bl- of st- in om die woorde by die prentjies te laat pas.
Omkring die korrekte klanke in sinne.
Maak 'n lys van items wat gekoop is.

75 Ons lees 22

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met o.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter F.
Skryf: Skryf die sin oor.

76 Ek is lief vir boeke 24

Vul die letters in wat op die boeke weggelaat is.
Bepaal watter boeke dik en watter dun is, en hoeveel daar van elke kleur is.
Vul vokale in om woorde te voltooi en by prentjies te laat pas.
Pretaktiwiteit: Soek die ballonne.

77 Ek wens ek het 'n vis 26

Gesels oor 'n prent.
Lees praatborrels en kort sinne.
Werk met woorde: woorde met sk-, vl-, sw- en kn-.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter G.
Skryf: Skryf 'n sin oor.

78 Diere en troeteldiere 28

Teken 'n prentjie van 'n troeteldier.
Omkring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Knip prentjies van diere uit en plak dit op 'n plaastoneel in.

79 Die drie beertjies 30

Gesels oor die prente.
Maak 'n storieboek wat uitgeknip kan word.
Kleur die prent van die drie bere in.
Vind items wat in die prent weggesteek is.
Lees die storie van die drie beertjies.

Tema 6: Ons rits rond — Kwartaal 3 – Week 5-8

81 Die verjaarsdagpartytjie 36

Gesels oor die prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met sk-, sp-, bl- en kl-.
Handskrif: Oefen die letter H.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf naam, ouderdom en verjaarsdagdatum.

82 Veels geluk met jou verjaarsdag! 38

Sing "Veels geluk liewe maatjie".
Vul die korrekte klanke in om woorde by prente te laat pas.
Omkring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Trek die name van die maande op die kalender na. Vul die verjaarsdae van maats in.

83 Ons gaan dieretuin toe 40

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met kl-, sp-, sl- en vl-.
Skryf: Skryf 'n sin oor.
Skryf 'n sin oor die prentjie.

84 Die diere in die dieretuin 42

Vul die woorde wat weggelaat is in.
Handskrif: Oefen die letter I.
Omkring die korrekte letters in sinne.
Pretaktiwiteit: Soek diere in 'n labirint.

85 Op die plaas 44

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met dubbelklanke.
Handskrif: Oefen die letter J.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf eie naam, naam van skool en naam van graad.

86 Plaaslewe 46

Maak die geluide van plaasdiere na.
Vul ontbrekende woorde in sinne in.
Omkring die korrekte klanke in sinne.
Verbind die korrekte prente met mekaar.

87 Die sirkus 48

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met kl-, sm-, kn- en -aa-.
Handskrif: Oefen die letter K.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf 'n sin oor die prent.
Skryf naam, ouderdom en plek wat hy of sy wil besoek.

88 Die diere in die sirkus 50

Teken gunstelingdier op 'n T-hemp.
Kyk hoe party woorde in die meervoud -s kry.
Klanke: Omkring die korrekte letters.
Verbind die kolletjies volgens die alfabet om te sien watter dier dit is.

89 Karel en Anita verdwaal 52

Gesels oor die prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -ee-, pl- en sn-.
Handskrif: Oefen die letter L.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf 'n sin oor die prent.
Identifiseer die dag van die week.

90 Die dae van die week 54

Skryf naam van gunstelingdag neer.
Vul die dae in die kalender in.
Omkring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Help Karel en Anita om by die huis te kom.

91 Die sokkerwedstryd 56

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: enkelvokale.
Handskrif: Oefen die letter M.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf 'n sin oor die prentjie.
Skryf wat hy of sy graag doen en graag eet.

92 My gunstelingsport 58

Teken 'n prentjie van gunsteling-sportsoort.
Skryf 'n sin oor die prent.
Vul ontbrekende sinsdele in.
Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: visuele diskriminasie. Gesels oor die verskille tussen die prente.
Soek bepaalde items.

93 Die speelgoedwinkel 60

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -uu-, -oo-, bl- en fl-.
Handskrif: Oefen die letter N.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf 'n sin oor 'n prent.
Verstrek ouderdom en voltooi 'n sin.

94 My gunstelingspeelgoed 62

Verbind die kolletjies volgens die alfabet om 'n prent te voltooi.
Voltooi sinne met behulp van prente.
Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Sorteer items in die korrekte mandjies.

95 Die drie varkies 63

Gesels oor die prente.
Lees die storie van die drie varkies.
Rolspeel die storie van die drie varkies.

Tema 7: Dinge om ons — Kwartaal 4 – Week 1-4

97 Die kliniek 68

Gesels oor die prente.
Lees 'n strokiesprentstorie.
Werk met woorde: woorde met -ie- en -ou-.
Handskrif: Oefen die letter O.
Skryf: Skryf die sin oor.
Teken 'n prent en skryf twee sinne daaroor.

98 Beterskap 70

Plaas prente in die korrekte volgorde.
Skryf 'n beterskapkaartjie vir iemand.
Klanke: Omkring die korrekte woorde in sinne en voeg punte by.
Verbind woorde met die korrekte prente.

99 Pieter gaan tandarts toe 72

Gesels oor die prente.
Lees 'n strokiesprentstorie.
Werk met woorde: woorde met -a-, -aa- en -ou-.
Handskrif: Oefen die letter P.
Skryf: Skryf 'n sin oor.
Teken 'n prent oor hoe om tande te versorg en skryf sinne daaroor.

100 Sorg vir jouself 74

Gesels oor die prente.
Skryf 'n sin oor twee van die prentjies.
Identifiseer meervoude.
Pretaktiwiteit: Vind die pad (oognaspeuring).

101 Padveiligheid 76

Gesels oor die prente.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -oe-, -aa- en -ie-.
Handskrif: Oefen die letter Q.
Skryf: Skryf die sin oor.
Teken 'n prent en skryf 'n sin daaroor.

102 Padveiligheid 78

Kleur die kleure van verkeersligte in.
Omkring die korrekte woorde in sinne.
Verbind woorde met die korrekte padtekens.

103 Vervoer 80

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -ei-, -oo-, -ou- en -uu-.
Handskrif: Oefen die letter R.
Skryf: Skryf die sin oor.

104 Reis 82

Knip die prentjies van die verskillende vervoermiddele uit en plak hulle op die land, see of lug in.

105 Die brand 84

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -u-, -uu- en -ui-.
Handskrif: Oefen die letter S.
Skryf: Skryf 'n sin oor.
Teken 'n prentjie en skrif sinne daaroor.

106 Speel met vuur 86

Gesels oor prentjies.
Skryf sinne oor die prentjies.
Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne.
Vind die pad deur 'n labirient (oognaspeuring).

107 By die skool 88

Gesels oor die prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -ou-, -eu- en -ui-.
Handskrif: Oefen die letter T.
Skryf 3 sinne oor wat hy of sy die vorige dag gedoen het.
Teken 'n prent en skryf sinne daaroor.

108 Wat ons by die skool doen 90

Teken 'n prent van 'n maat en skryf 'n sin oor hom of haar.
Vul die ontbrekende werkwoorde in om sinne te voltooi.
Verbind woorde met die korrekte prentjies.

109 Ná skool 92

Gesels oor prentjies.
Lees sinne oor die prente.
Werk met woorde: werkwoorde in die verlede tyd met ge-.
Handskrif: Oefen om die letter U te skryf.
Skryf sinne oor wat hy of sy die vorige dag gedoen het en illustreer dit.

110 Nog 'n dag 94

Lees 'n gediggie oor die sterre.
Speel 'n woordspeletjie.
Klanke: Omkring die korrekte woorde in sinne en voeg punte by.

111 Heuningbeer sit vas 96

Sorteer woorde volgens klanke en skryf hulle in die korrekte klankraampies.
Skryf 3 sinne in klaswerkboek.

112 Heuningbeer sit vas 97

Maak 'n boekie van die storie van Heuningbeer.
Lees die storie.

Tema 8: Ons wêreld — Kwartaal 4 – Week 5-8

113 Die weer 102

Gesels oor prentjies.
Lees praatborrels en sinne.
Werk met woorde: woorde met ge-, -ee-, -ou- en -y-.
Handskrif: Oefen die letter V.
Skryf: Skryf 'n sin oor.
Teken 'n prentjie en skryf sinne daaroor.

114 Hoe is die weer? 104

Skryf 'n sin oor elke prentjie.
Gebruik byvoeglike naamwoorde om sinne te voltooi.
Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne.
Voeg punte by.
Onderskei tussen kledingstukke vir verskillende weersomstandighede.

115 Die storm kom 106

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -ui-, -eu- en -ei-.
Handskrif: Oefen die letter W.
Skryf: Skryf 'n sin oor.
Teken 'n prent en skryf sinne daaroor.

116 Meer oor die weer 108

Vul die korrekte woorde in.
Klanke: Omkring die korrekte woorde.
Pretaktiwiteit: Lees 'n weerkaart en beantwoord vrae wat daarop gebaseer is.
Hou 5 dae lank 'n weerkaart by.

117 Bongi en Anita plant groente 110

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -ui-, -oe- en -ee-.
Handskrif: Oefen die letter X.
Maak 'n lys van die groente in die prent.
Identifiseer groente en vrugte.

118 Ons plant 112

Gesels oor prentjies.
Klanke: Vul die korrekte woorde in sinne in.
Knip prentjies van groente uit en plak dit op 'n staafdiagram in.

119 In die wildtuin 114

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -ui-, -aa-, -oe- en -ie-.
Handskrif: Oefen die letter Y.
Beskryf 'n prent.

120 Wilde diere 116

Vul etikette van diere se liggaamsdele in.
Vul in hoeveel liggaamsdele elke dier het.
Vul die korrekte woorde in om sinne te voltooi.
Pretaktiwiteit: Voltooi die prentjie deur tekeninge van items by te voeg.

121 Die seisoene 118

Gesels oor prentjies.
Lees kort sinne en byskrifte.
Werk met woorde: meervoude op -e en -s.
Handskrif: Oefen die letter Z.
Skryf 'n sin oor.
Teken 'n prentjie en skryf sinne daaroor.

122 Dae van die week en maande 120

Gesels oor die kalender.
Skryf antwoorde op vrae neer.
Vul die ontbrekende woorde in.
Identifiseer die lewende dinge in 'n prent.

123 Die oseaan 122

Gesels oor 'n prent.
Lees byskrifte en kort sinne.
Werk met woorde: meervoude op -e en -s.
Skryf: Skryf 'n sin oor.
Teken 'n prent en skryf sinne daaroor.

124 Onder die see 124

Verbind die kolletjies met behulp van die alfabet om 'n prent te voltooi.
Vul die name van seediere in om sinne te voltooi en voeg punte by.
Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Verbind elke kind met sy of haar vis.

125 Ollie die Olifant Verdwaal 126

Gesels oor die prentjies.
Lees die verhaal van Ollie die Olifant.
Doen 'n rolspel waarin die verskillende diere uitgebeeld word.

Troeteldiere

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Ons lees

Anita het 'n kat.

Jannie het 'n papegaai.



Bongi het ook 'n hond.

Sarel het 'n hond en 'n rot.

Datum:

Sigwoorde

die

en

van

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

kat	hond	Ben
vat	rot	ken
lat	vrot	lem

Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Anita	se	kat	sit
op	die	bont	mat.

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

a a

A A

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.





Anita se kat sit op die mat.

Onderwyser: Teken _____ Datum _____

Nog troeteldiere

Ons doen Vul die korrekte letter in sodat die woord by die prentjie pas.



ka(t)	pe___
bl___k	spel___
___at	hoe___
hon___	stom___
p___n	p___n

Klanke Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

a	Die k(a)t sit op die m(a)t.
e	Ben sit op die bed.
i	Ek is moeg en ek wil sit.
o	Die hond is bont en die kat is rond.
u	Ek wil rus want my rug is seer.

Datum:

Vir die pret

Volg die letters van die alfabet om die prentjie te voltooi. Kleur dan die prentjie in. Praat met mekaar en besluit dan of die diertjie 'n goeie troeteldier sal maak.



Ons skryf

Oefen om jou naam te skryf.

Onderwyser: Teken _____ Datum _____

Pret in die son

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Juffrou sal julle help om 'n klasstorie te skryf.



Ons lees

Ons speel op die strand.
Ons speel in die seesand en grawe gate.
Ek dra 'n rooi pet.
Ek sit op die handdoek en eet my broodjie.

Datum:

Sigwoorde

is

nie

in

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

son	lug	ken
krom	vrug	swem
gom	brug	pen

Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Bongi	speel	met
'n	blou	bal.

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

b b

B B

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.



Bongi speel met 'n bal op die sand.

In die son

Voltooi die woorde sodat hulle by die prentjies pas. Gebruik die korrekte letters om die woorde te voltooi.

a	e	i	o	u

k__t	p__t	 sp__nnerak	r__sbank
st__mp	r__ng	n__t	vr__gte
b__d	s__n	p__n	m__s
kr__t	l__p	p__t	b__s
r__ts	m__t	v__n	vl__rmuis

Datum:

Verbind elke kleinletter in die boonste ry met sy hoofletter in die onderste ry.

a	e	i	o	u
U	O	E	I	A

Omkring die prentjie wat nie by die res van die prentjies pas nie.
Skryf dan die naam van die groep in die tabel.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

vrugte

motors katte honde plante klere

	honde

Ons speel

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

klimraam

swaai

mallemeule

trampolien

wipplank

Ons lees

Dit is so lekker om in die son te speel.
Ons hou baie daarvan om te speel.
Ek hou van hardloop en spring.

Datum:

Sigwoorde

het
wat
dit

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

slag	bles	stop
sleg	blaar	stap
slim	blos	staan

Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Coen	en	Corrie
skop	'n	bal.

c c

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

C C

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.



Coen, Corrie en Conrad skop 'n bal.

Ek hou van speel

Ons doen Verbind elke woord met die korrekte prentjie.

swaai

hardloop

spring

skop

sit

swem

staan

hop

Klanke Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

bl	Die bl aar word geel.
aa	Ons speel lekker saam.
sl	Die hond is baie slim.
ee	Sy dra 'n geel pet.
st	Ons stop by die stopstraat.
uu	Die vuur is warm.

Datum:

Ons pas

Kies die woord wat by elke prentjie pas.
Omkring dan die oo in elke woord.







boom	toon	boon	poot

Vir die pret

Help hierdie kinders om by die park uit te kom.



Dis lekker om te hardloop

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Juffrou sal julle help om 'n klasstorie te skryf.



Ons hou daarvan om te hardloop.
Anita en Danie hardloop baie vinnig.
My hond Ben kom altyd laaste.
Ben stop! Ben stop!

Datum:

Sigwoorde

te

ons

om

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Kies dan woorde uit die raam en skryf twee sinne daarmee in jou klaswerkboek .

spring	staan	straat
speel	stil	staal
spyt	stop	stop

Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Anita	en	Danie
hardloop	baie	vinnig.

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

d d

D D

Vir die pret

Praat met jou maatjie oor hierdie twee prentjies. Wat het gebeur?

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Danie druk 'n drie.

Om te wen

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.



st	Ben se (st)ert is lank.
st	Sarel is stil vandag.
st	Die skilpad se bek is stomp.
st	Ek wil my kos wegsteek want Sarel wil dit eet.
st	Die strand is besig vandag.
st	Ons stad is stil gedurende die skoolvakansie.

Datum:

Ons praat

Praat met jou maat oor die twee prentjies.
Wat is besig om te gebeur?

Vir die pret

Voltooi die woorde sodat hulle by die prentjie pas. Gebruik **st** of **sp**.
Ons het die eerste een vir jou gedoen.



st op
___ raat
___ eel
ver ___ ring
___ rykyster
___ erk

By die winkel

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Juffrou sal julle help om 'n klasstorie te skryf.

Ons lees

Ella is by die winkel.
Sy koop kaas en lekkers vir haarself.
Sy moet ook vir haar ma meel en melk koop.

Datum:

Sigwoorde

word
vir
op

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Kies dan woorde uit die raam en skryf twee sinne daarmee in jou klaswerkboek .

kaas	loop	vuur	veer
raas	koop	duur	seer
aap	roos	muur	meel

Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Ella	koop	melk
en	meel.	

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

e e

E E



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Ella koop melk en meel by die winkel.

Wat gaan ons koop?

Ons doen

Vul st, sl of bl aan die begin van elke woord in om die woorde by die prentjies te laat pas.

bl aas aar
op ok
ak aap

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

bl	Jan het geel bl okkies gekoop.
aa	Ella moet kaas koop.
st	Ons staan en wag vir 'n bus.
uu	Die kos is duur.
sl	Die lekkers is sleg.
oo	Anita koop 'n rok.





Datum:

Vir die pret

Kyk na die prentjie en skryf dan die name van die 4 items wat Ella gekoop het in die raampies neer.



Ons Lees

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Bongi, Fransie en Anita lees dik boeke.
Skielik spring Ben op hulle.
Ben is 'n lawwe hond.

Datum:

Sigwoorde

dat
met
as

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Kies dan woorde uit die raam en skryf twee sinne daarmee in jou klaswerkboek .

lof	lot	pot
lok	plof	lomp
los	klok	lont

Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Fransie	en	haar
maats	lees	fabels.



Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

f f

F F

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Fransie en haar maats lees fabels.

Ek is lief vir boeke

Ons doen Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons skryf Vul die ontbrekende letters van die alfabet op die rugkante van die boeke in. Beantwoord dan hierdie vrae.

Watter boeke is dik?

Watter boeke is dun?

Tel hoeveel boeke daar van elke kleur is:

rooi	
geel	
pienk	

groen	
blou	
pers	



Datum:

Ons skryf

Voltooi die woorde sodat hulle by die korrekte prentjie pas. Gebruik hierdie letters.

a	e	i	o	u

app e l k ___ s
j ___ s l ___ g
k ___ s bl ___ s
h ___ mp kr ___ ns

Vir die pret

Help die kinders om die ballonne te kry wat dieselfde kleur as hul hemde is.



Ek wens ek het 'n vis

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Skryf 'n klasstorie saam met juffrou.

Ons lees

Dit is 'n hond.
Dit is 'n kat.
Daar is ook hase.
Ek wens ek het 'n vis.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

skink	vlug	swem	knik
skaam	vlag	swig	knak
skok	vlak	sweet	knop

Datum:

Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Gerrie	speel	met
'n	geel	hond.



Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

g g

G G



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Gerrie speel met 'n geel hond.



Diere en troeteldiere

Ons doen

Teken 'n prentjie van 'n dier wat jy dink 'n goeie troeteldier sal maak. Vertel vir jou maat hoekom jy dink dit 'n goeie troeteldier sal wees.

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

sp	Ek het myself met 'n sp eld gesteek.
st	Ons stap stasie toe.
bl	Die kind blaas haar kersies uit.
sp	Ek speel graag krieket.
sl	Ons het 'n harde slag gehoor.
sp	Ons span is die beste.

Ons doen

Knip die diere op hierdie bladsy uit en plak hulle op die korrekte plekke op die prentjie op die volgende bladsy.



Datum:

Vir die pret

Watter diere maak goeie troeteldiere?
Watter diere sal altyd wilde diere bly?
Watter diere kry jy op 'n plaas?

Onderwyser: Teken _____ Datum _____

Die drie beertjies

Klanke

Lees hierdie woorde en help Gouelokkies en Bababeer dan om hulle in die korrekte klankraampies te sorteer.

rus | sit | ken | los

bad | vis | mus | lus | pot | mat

mos | pad | bed | pit | wen

a	e	i	o	u









Leesboeke:

Volg die instruksies en maak hierdie uitknipboek.
Neem dit huis toe en lees dit vir jou familie en jou maats.



Bababeer is baie bly. Hy het 'n nuwe maatjie.

Die drie beertjies

Gouelokkies word wakker.
Sy is bang.



Die pap is baie warm.



Die drie beertjies maak hulle pap.

Wie het in my bed geslaap?

Ek wens ek het 'n maatjie gehad.

Bababeer het glad nie maatjies nie.

Die bed is te hard.

Hierdie een is net reg.

Hierdie bed is te sag.

Sy raak aan die slaap.

Gouelokkies sien hulle huis.





Sy proe aan die pap.

Datum:

Vir die pret

Kleur die prentjie van die drie beertjies in.
Spoor die lepel, lorrie, horlosie, strikdas, tandeborsel en handsak op.

Die verjaarsdagpartytjie

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Ons lees

Vandag is Hannelie se verjaarsdag.
Ons speel met al ons maats.
Hannelie blaas die kersies dood.
Ons klap vir haar hande.
Ons eet baie lekker.

Datum:

Sigwoorde

aan
af
agt

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

skil	speel	blaas	klap
skaak	spaar	blos	klank
skel	speld	bleek	klop

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

h h H H

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Hannelie het mooi lang hare.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf

Ons skryf

My naam is _____.

Ek is _____ jaar oud.

My verjaarsdag is in _____.

Veels geluk met jou verjaarsdag!

Ons doen

Kom ons sing 'n liedjie.

Ons doen

Kies die korrekte letters en vul hulle aan die begin van die woorde in sodat die woorde by die prentjies pas.



uim	pr sl	vlag
ant	gl bl	op
ou	kl	ieg
ok	st pl	y
aap	vl bl	ap

Datum:

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

sl	Sy gaan sl aap.
pr	Ek hou van pruime.
bl	Hy dra 'n blou broek met 'n bloedrooi streep.
vl	Die vlag wapper in die wind.
kl	Die kerse op die koek was baie kleurvol.

Vir die pret

Trek die name van die maande wat op die verjaarsdagkalender verskyn na. Daarna moet jy jou geboortedatum en die datums van jou maats se verjaarsdae invul.

Verjaarsdagkalender

Januarie	Februarie	Maart	April
Mei	Junie	Julie	Augustus
September	Oktober	November	Desember

Ons gaan dieretuin toe!

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur. Juffrou sal julle help om 'n klasstorie te skryf.



Ons lees

Ons is in die dieretuin.
Die voëls sing en klap hulle vlerke.
Die krokodil slaap op die groen gras.
Die hase speel met mekaar.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

klaar	spaar	slaap	vlerk
kloof	spot	slap	vleg
klam	speel	sleep	vlek

Datum:

Sigwoorde

alles
almal
altyd



Ons sien die padda.

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Die diere in die dieretuin

Vul die woorde wat weggelaat is in. Gebruik die volgende woorde om jou te help.

voël | krokodil | leeu

Die	_____	slaap in die son.
Die	_____	klap sy vlerke.
Die	_____	maak grr.

My naam is _____.
My gunstelingdier is _____.
Die _____ het strepe.

Skryf hierdie letters oor.



i

I

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

aa	Dit is haar rok.
sp	Ons neem deel aan sport.
bl	Die oom is heeltemal bles.
uu	Die appel is suur.
sp	Die leeu spog met sy maanhare.







Datum:

Help die kinders om die diere te kry. Wanneer jy 'n dier kry, moet jy die dier se naam onder die prentjie skryf.

Vir die pret



aap

olifant

krokodil

haas

kameelperd

sebra

seekoei

skilpad

padda

leeu

Op die plaas

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.

Ons lees

Vandag is ons op die plaas.
Die boer ry op sy trekker.
Ons speel met die bok en die henne.
Die eende swem in die dam.



Ons skryf

My naam is _____.
Ek is _____ jaar oud.

Datum:

Sigwoorde

altyd
amper
ander

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

saam	eende	ook
plaas	speel	rook
gaan	gee	roos



Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

j j

J J

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Jan jaag die jakkals.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf

Ons skryf

My skool is _____.

Ek is in graad _____.

Plaaslewe



Ons doen

Maak die geluide wat plaasdiere maak. Jou maatjie moet raai watter dier jy is.

Ons skryf

Vul die woord in wat kortkom.

gras | eende | trekker | rok | klokkie

Die boer ploeg met 'n  _____.

Die _____ swem in die dam.

Die koeie eet _____. 

Die meisie het 'n nuwe _____.

Die boer lui 'n _____.

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

kl	Ons (kl)im in die boom.
pl	Ons plas in die dam op die plaas.
kl	Die hen klap haar vlerke.
pl	Die kinders pluk pere.
kl	Die plaas is in 'n kloof.



Datum:



Ons doen

Wat kry ons van elke dier?
Verbind die korrekte prentjies met mekaar.









Die sirkus

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

springmielies

olifant

leeu

hond

nar

sirkustent

kinders

Ons lees

Ons is in die tent.
Die hond speel met 'n hoepel.
Die narre speel met balle.
Ons klap vir hulle hande.

Datum:

Sigwoorde

bad
baie
begin

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

klap	smaak	knap	vaak
klaar	smul	knaap	gaap
klas	smeer	knor	raak

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

k k

K K

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Die kinders klap hulle hande.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf

Ons skryf

My naam is _____.

Ek is _____ jaar oud.

Ek wil _____ toe gaan.

Die diere in die sirkus

Ons doen

Teken jou gunstelingdier op die T-hemp. Skryf die dier se naam in die spasie.

Ons skryf

Kyk hoe elke woord 'n s kry omdat daar meer as een ding in elke prentjie is.



appel s	varkie ___	trekker ___





leeu ___	meisie ___	hoender ___

Datum:

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

kl	Die hele kl as gaan sirkus toe.
sm	Ons smul aan ons roomys.
kl	Die kinders klap hard hande.
sm	Bongi se koeldrank smaak lekker.
kl	Daarna klim ons in die bus.

Vir die pret

Verbind die letters om uit te vind wat die sirkusdier is.



Karel en Anita verdwaal

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.

Ons lees

Dit is laat in die middag.
Ons gaan speel met die eende by die dam.
Karel val en maak sy hand seer.
Wagter die hond kom ons haal.

Datum:

Sigwoorde

beter
bietjie
blou

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

seer	plas	snik
beer	plat	snaaks
eend	plaat	snip



Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

l L

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Laatmiddag speel ons lekker.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf

Ons skryf

Watter dag is dit vandag? Maak 'n kruisie ✗ langs die dag se naam. Omkring jou gustelingdag. Watter dag is dit môre? Maak 'n regmerkie ✓ langs die regte dag.

Sondag		Maandag		Dinsdag		Woensdag	
Donderdag		Vrydag		Saterdag		Sondag	

Onderwyser: Teken _____ Datum _____

Die dae van die week

Ons doen

Teken 'n prent van wat jy doen op hierdie dag.

Watter dag van die week is jou gunstelingdag?

Ons skryf

Hierdie dae is nie in die kalender nie. Vul hulle in die korrekte spasies in.

Donderdag

Woensdag

Maandag

Saterdag

Sondag
Dinsdag
Vrydag

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.



ee	Ons sp(ee)l met die (ee)nde.
pl	Ons plas in die water.
ee	Karel is eerste in die water.
pl	Ons pluk blomme.
ee	Ons wil weer na die eende gaan kyk.

Datum:

Vir die pret

Help Karel en Anita om veilig by hulle huis uit te kom.

Die sokkerwedstryd

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur. Skryf 'n klasstorie.

Ons lees

Dit is Saterdag vandag.
Kyk hoe skop die spelers die bal.
Hulle skop die bal hard.
Ek lek aan my roomys.
Ons skree vir ons span.

Datum:

Sigwoorde

bly
bring
brood

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

skop	bel	sit	val
vrot	bek	bid	half
rot	vet	rit	hak

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

m m

M M

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Manie maak mos meer geraas.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf

Ons skryf

My naam is _____.

Ek hou daarvan om _____ te kyk.

Ek eet graag _____.

My gunstelingsport

Ons doen Teken 'n prentjie van die sport waarvan jy die meeste hou.

Ons skryf Skryf 'n sin oor jou prent.

Ons skryf Voltooi die sinne.



Daar is 'n _____ in die dam.
Die kinders _____ die bal.
Die hen het 'n _____.
Ons gebruik 'n _____ om te bou.
Pa trek sy _____ _____ aan.

Datum:

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

sn	My pa het 'n groot sn or.
sm	Die appel smaak lekker.
sn	Snags slaap ek lekker.
sm	Ek smeer self my brood.
sn	Die dogtertjie is 'n regte snip.

Vir die pret

Praat met jou maat oor die twee prentjies en sê wat eners is en wat anders is.

Kyk of jy hierdie items in die prentjies kan kry en omkring hulle.
Merk hulle met 'n regmerkie (✓) in die spasie regs af.

roomys	
belt	
baksteen	
vis	

skoen	
sonbril	
kuiken	
vlag	

Onderwyser: Teken _____ Datum _____

Die speelgoedwinkel

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Stel 'n klasstorie saam.

lorrie
eend
blokkies
bal
motor
teddiebeer
pop
legkaart
tol

Ons lees

Ons is in die speelgoedwinkel.
Ons sien poppe, blokkies en motors.
Kyk na die eend en die lorrie.
Die hond blaf vir die teddiebeer.

Datum:

Sigwoorde

daar
dag
nag

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

blokkies	duur	fles	boom
blaf	suur	fluks	woord
blik	huur	flou	koop

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

n n

N N

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Nellie gaan kyk na die narre.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf

Ons skryf

My naam is _____.

Ek is _____ jaar oud.

Ek speel graag met _____.

My gunstelingspeelgoed

Ons doen

Verbind die kolletjies om uit te vind wat die speelding is.



Ons skryf

Skryf wattter speelding elke kind wil hê.
Gebruik die volgende woorde om jou te help.

sagte bruin teddie

rooi vragmotor

pienk babapop

blou speelgoedmotor

baie gekleurde blokkies

Jan wil 'n	_____	hê.
Anita wil 'n	_____	hê.
Sarel wil	_____	hê.
Die baba wil 'n	_____	hê.
Hy wil 'n rooi	_____	hê.

Leesboeke:

Volg die instruksies en maak hierdie uitknipboek. Neem dit huis toe en lees dit vir jou familie en jou maats.

Die wolf klim toe in die skoorsteen af.



Wie is nou bang vir die stoute wolf, die stoute wolf, die stoute wolf?

Die drie varkies



Die wolf sien die varkies. Hy is baie honger. Hy wil hulle eet.

Die drie klein varkies verlaat hulle huis. Hulle moet nou hul eie huise bou.

Die wolf het weggehardloop en nooit weer teruggekom nie.

Die varkies kook 'n pot water op die stoof. Daarna plaas hulle die pot onder die skoorsteen.

Die wolf het geblaas en geblaas en die huis omgeblaas. Die varkie hardloop toe na sy boetie se stokkieshuis toe.

Die wolf het geblaas en geblaas en die huis omgeblaas. Die twee varkies hardloop toe na hulle sussie se baksteenhuis toe.



Ek sal my huis van stokke bou. Dit sal vinnig gaan, dan kan ek heeldag speel.



O, nee, nee!

Die wolf het geblaas en geblaas en geblaas. Die huis bly vas staan en stort nie in duie nie. Die wolf klim toe tot bo-op die dak.

Klein varkies, laat my inkom.



Ek sal my huis van bakstene bou. Dit sal lank neem, maar my huis sal baie sterk wees.

Datum:

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

bl	Die baba hou van bl okkies.
st	Anita hou die pop styf vas.
bl	Bongi pluk blou blomme.
st	Die ouma stap stadig aan.
bl	Pappa vryf die motor blink.



Ons praat

Help om die kamer aan die kant te maak. Verbind die woorde met die voorwerpe wat in drie mandjies gesorteer is.

Vir die pret

Help om die goed netjies te maak. Verbind die woorde met die voorwerpe wat in drie mandjies gesorteer is.

hemp

kortbroek

skoene

denimbroek

truie

teddie

koek

legkaart

kaas

appel

blokkies

pop

lorrie

melk

lemoen

Die kliniek

Ons praat

Kyk na die prente en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Ons lees

Anita is siek.

Haar ma neem haar kliniek toe.

Die dokter ondersoek Anita.

Die dokter sê sy moet in die bed bly.

Datum:

Sigwoorde

dan
dink
dis

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan woorde uit die raam en skryf drie sinne daarmee in jou klaswerkboek.

sien	dien	rou	goud
tien	riem	gou	sout
vier	mier	dou	kous

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

o o

O O

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

O nee, Anita voel dik.

Ons skryf

Teken 'n prentjie van die dag toe jy siek was. Skryf dan drie sinne oor jou prentjie in jou klaswerkboek.

Beterskap

Ons doen

Nommer die prentjies in die korrekte volgorde. Vertel die storie dan in jou eie woorde aan jou maat.

Ons skryf

Maak 'n kaartjie vir iemand wat siek is.



Datum:

Klanke

Lees die sinne en omkring die woorde dan soos in die voorbeeld. Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

kliniek	Anita het kliniek toe gegaan.
siek	Sy het siek gevoel
drink	Sy moet medisyne drink
bed	Anita moet in die bed bly
voel	Sy voel nou beter

Verbind elke woord met die korrekte prentjie.

Vir die pret

Pieter gaan tandarts toe

Ons praat

Kyk na die prente en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.

Ons lees

My tand is seer.

Kom ons gaan tandarts toe.

tandarts

verpleegster

stoel

tandeborsel

Jy moet ophou lekkergoed eet.

Onthou, jy moet elke dag jou tande borsel.

tandepasta

masker

boor

plakkaat

Dankie. Ek voel al beter.

Datum:

Sigwoorde

doen
drie
dra

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan woorde uit die raam en skryf drie sinne daarmee in jou klaswerkboek.

tand	plakkaat	fout
sag	raad	hou
rak	maat	kou

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

p P

P P

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Pieter moet sy tande oppas.

Ons skryf

Teken 'n prentjie oor hoe jy vir jou tande kan sorg. Skryf dan drie sinne oor jou prentjie in jou klaswerkboek.

Sorg vir jouself

Ons praat

Wat sê die prentjies moet ons doen?

Ons skryf

Skryf 'n sin oor twee van die prentjies.

Datum:

Ons skryf

Is daar een of twee? Kleur die blokkie in wat die regte woord bevat.



kat	katte

padda	paddas



eend	eende

tand	tande



hand	hande

voet	voete

Vir die pret

Help Pieter om by sy tandarts uit te kom. Help Anita om by die kliniek uit te kom.

Padveiligheid

Ons praat

Kyk na die prente en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Kyk regs.



Kyk links.



Kyk weer regs.

Steek straat oor.

Ons lees

Voordat ons die pad oorsteek, moet ons regs, links en weer regs kyk.

Ons moet seker maak dat ons geen motors sien aankom nie.

Motors moet by stopstrate stilhou.

Datum:

Sigwoorde

dus
en
eers

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan woorde uit die raam en skryf drie sinne daarmee in jou klaswerkboek.



moet	koek	vaar	dier
soet	roer	daar	kiem
goed	boer	gaar	plesier

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

q q

Q Q

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Quinton geniet sy quiche.

Ons skryf

Teken 'n prentjie oor wat jy moet doen voor jy 'n straat oorsteek. Skryf dan drie sinne oor jou prentjie in jou klaswerkboek.

Padveiligheid

Ons doen

Kleur die verkeerslig in. Skryf die kleur se naam langs elke lig. Sê dan wat die kleur sê jy moet doen. Vul die korrekte woorde in die spasies in. Gebruik die woorde hieronder om jou te help.

stop | wag | gaan

Kleur se naam		Wat moet jy doen as die kleur verskyn?
_____		_____
_____		_____
_____		_____

Klanke

Lees die sinne en omkring die woorde dan soos in die voorbeeld. Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

links	Ons moet regs, links en weer regs kyk.
stop	By 'n rooi lig moet ons stop
gou	Ons moet die straat gou oorsteek
motors	Daar is baie motors op straat
veilig	Ons moet altyd veilig bly

Datum:

Ons pas

Verbind die woorde met die korrekte padtekens.

kinderoorgang

draai regs

geen ingang

geen fietse

draai links

stop

Vervoer

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Stel 'n klasstorie saam.



Ons lees

Die Gautrein ry baie vinnig. Daar is ook ander, gewone treine.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan drie van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

trein	skool	bou	gluur
sein	boor	vou	muur
seil	voor	kou	stuur



Datum:

Sigwoorde

eers
eet
eie

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

r r

R R

Skryf hierdie sin oor.

Ons skryf

Ry gerus met die trein.
Dis gerieflik.

Ons doen

Knip die prentjies van die verskillende vervoermiddels uit.
Plak hulle dan op die korrekte plekke in die prentjies.



Datum:



Onderwyser: Teken _____ Datum _____

Die brand

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

rook

helikopter

gebou

brand

leer

brandweerman

brandweerwa

brandslang

Ons lees

Sarel het winkel toe geloop.
Hy het gesien hoe die gebou brand.
Die brandweerwa het gou gekom.
Die brandweermanne het die vuur geblus.

Datum:

Sigwoorde

ek
jy
hy
sy

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan woorde uit die raam en skryf drie sinne daarmee in jou klaswerkboek.

vuur	blus	gebruik
suur	rus	ruit
duur	sus	huis

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

s s

S S

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Sarel het 'n brand gesien.

Ons skryf

Teken 'n prentjie van 'n brandweerwa. Skryf dan drie sinne oor jou prentjie in jou klaswerkboek.

Speel met vuur

Ons doen

Praat met jou maats oor wat in die prentjies gebeur.
Stel 'n klasstorie saam.

Ons skryf

Skryf 3 sinne oor die prentjie.

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.
Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

vuur	Die kinders het met (vuur) gespeel.
trein	Die trein ry baie vinnig
gou	Die brandweerwa het gou gekom
sien	Sarel sien hoe 'n gebou brand
huis	Ons moet veilig bly by die huis

Datum:

Vir die pret

Help die brandweerman om by die vuur uit te kom.



By die skool

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur en stel 'n klasstorie saam.

Ons lees

Anita en Bongi het hulle broodjies op die bankie geëet.

Party kinders het met balle gespeel.

Ander het tou gespring.

Almal het die pouse geniet.

Datum:

Sigwoorde

julle
hulle
gaan

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan woorde uit die raam en skryf drie sinne daarmee in jou klaswerkboek.

pouse	seun	muis
tou	deur	buis
koud	reuk	tuis

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

t t

T T

Ons skryf

Skryf 3 sinne oor wat jy gister by die skool gedoen het.

Ons skryf

Teken 'n prentjie van iets by die skool waarvan jy hou. Skryf dan drie sinne oor jou prentjie in jou klaswerkboek.

Wat ons by die skool doen

Ons doen

Teken 'n prentjie van jou skoolmaat.

Vertel dan in 'n sin hoekom jy van jou skoolmaat hou.

Ons skryf

Kyk na die prentjies. Vul dan in wat die kinders by die skool gedoen het.

gelees | gesing | geskryf | gespeel

Anita het _____.

Bongi en Anita het _____.

Karel het _____.

Jabu het _____.

Datum:

Vir die pret

Verbind elke kind met die korrekte gebou.

My tand is seer.

Jannie

Ek wil leer.

Anita

Ek voel siek.

Sarel

Ek soek lekkers.

Bongi

SKOOL

WINKEL

TANDARTS

HOSPITAAL

Ná skool

Ons praat

Kyk na die prente en gesels daaroor.

Ná skool het ons gespeel.

Ons lees

Ons het ons huiswerk gedoen.



Daarna het ons ons gewas.

Ons het ons hare en tande geborsel.

Daarna het ons geslaap.

Datum:

Sigwoorde

gee
geen
doen
eet

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan drie woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

gedoen	gewas	gespeel
gesoen	gekam	gedeel
geroer	gepas	geleen

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

u u

U U

Ons skryf

Skryf 3 sinne oor wat jy gister na skool gedoen het in jou klaswerkboek. Teken 'n prent van een van die dinge.

Nog 'n dag

Ons doen

Lees die gediggie.

Die sterre is gaatjies in die hemel
Waardeur Klaasvakie vir ons loer.
Issie, my pa sê dit is gasse
Wat lankal uitgebrand het daar doer.
Van gas kan jy my niks vertel nie
My pa werk by die gasfabriek.
Haai kyk, daar verskiet 'n ster!
Issie, dis 'n sateliet.

Vir die pret

Gee voor jy en jou maatjie is Bababeer en Gouelokkies. Besluit wie is Bababeer en wie is Gouelokkies. Kom ons kyk wie kan die woorde die vinnigste lees. Bababeer moet al sy woorde lees om hom te help om by sy huis uit te kom. Gouelokkies moet al haar woorde lees om haar te help om by haar huis uit te kom.

Datum:

Klanke

Lees die sinne en omkring die woorde dan soos in die voorbeeld.
Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

gesien	Ek het 'n groot vuur gesien.
gejaag	'n Groot hond het my gejaag
gespring	Ek het op 'n posbus gespring
gehelp	My maat het my gehelp
gehardloop	Ek het skool toe gehardloop

Heuningbeer sit vas

Klanke

Sorteer hierdie woorde volgens die klanke en skryf hulle in die korrekte klankraampies.

gaap

vaar | blaas | stop | vuur | slag | skip | skaaf | bloes | stoep

maak | skop | taak | stap | bles | suur | slang

muur | slap



bl	st	sl

sk	aa	uu



Ons skryf

Skryf drie sinne oor die storie van Heuningbeer in jou klaswerkboek. Gebruik 'n beginsin, 'n middelsin en 'n slotsin.

Leesboeke:

Volg die instruksies en maak hierdie uitknipboek.
Neem dit huis toe en lees dit vir jou familie en jou maats.

Eendag raak Heuningbeer se heuning op. Hy wil die potjie leeg lek, maar toe sit sy kop daarin vas.

En toe sit Heuningbeer 'n week lank in 'n gat vas en kan hy glad nie uitkom nie.

TREK! TREK!

Uiteindelik skiet Heuningbeer los. Wat maak hy toe?
Hy hardloop om heuning te gaan haal want sy maag is leeg.

Heuningbeer sit vas



Heuningbeer is altyd honger en het altyd lus vir heuning.



Heuningbeer woon in die woud. Hy het baie maats.

Moenie bekommerd wees nie. Jy sal baie gou vry wees.

Heuningbeer se maats kom elke dag kuier. Bongi en Chris lees vir hom stories.

Eendag klim Heuningbeer in 'n boom om heuning uit 'n bynes te haal. Daar breek die tak en hy sit in die boom vas.



Vandag het Heuningbeer vir Hasie gaan kuier in sy huisie onder die grond. Heuningbeer kon nie inkom nie, want hy is te groot vir die deur.



Kom ons help vir Heuningbeer! Die bye gaan hom steek en beseer.

Steek die ballon stukkend dan sal jy afkom.

Heuningbeer is weer in die moeilikheid.

Ek is baie lief vir heuning. Ek het net tien bottels vol geëet.

Jy het al my heuning geëet en nou is dit op.

Heuningbeer het al Hasie se heuning geëet. Sy maag is vol en baie seer.

Help, ek kan nie wegkom van die bye nie.

Datum:

Ons doen

Teken 'n prentjie van wat jy graag saam met jou maats doen. Skryf dan 3 sinne in jou klaswerkboek wat by jou prent sal pas.

Onderwyser: Teken _____ Datum _____

Die weer

Ons praat

Kyk na die prente en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



'n Warm dag

'n Koue dag

'n Winderige dag



'n Reënerige dag

Datum:

Sigwoorde

kom
maak
sê

Ons lees

Sonskyn is my gunstelingweer.
Ons speel en swem en niks kan ons keer.
Maar as ons nie oppas vir die son se byt, voel ons baie gou spyt.
Dan moet Mamma roompies smeer, om te help vir die sonbrand se seer.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan drie van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

geswem	weer	koud	byt
gespeel	seer	goud	spyt
gesmeer	keer	hout	tyd

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

v v V V

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Verna het haar vreeslik verbrand.

Ons doen

Teken 'n prentjie oor jou gunstelingweer. Skryf drie sinne oor jou prentjie in jou klaswerkboek.

Hoe is die weer?

Ons skryf Skryf 'n sin oor elke prentjie.

_____

_____

_____

_____

Ons skryf Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

winderig | reën | warm | koud | sonnig

Jakob is bly as dit _____ is.

Bongi hou nie van _____ nie.

Anita speel met haar vlieër as dit _____ is.

Jakob en Sarel swem graag as dit _____ is.

Vandag is die weer _____ .

Klanke Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld. Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.



bl	Ek is bly die winter is verby.
ou	In die winter raak dit baie koud
ei	In die somer gaan seil ons op die dam
ou	Die gras is nat van die dou
ei	Die hondjie is nog baie klein.

Datum:

Vir die pret

Verbind elke woord met die korrekte kledingstuk.
Trek rooi kringe om die name van klere wat ons dra wanneer dit reën.
Trek blou kringe om die name van klere wat ons dra wanneer dit warm is.
Trek groen kringe om die name van klere wat ons dra wanneer dit koud is.

Die storm kom

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.

Ons lees

Bongi en Anita word nat in 'n storm.
Die weerlig flits.
Die donderweer dreun.
Hulle kry koud en hulle soek skuiling.
Ben die hond hardloop saam.

Datum:

Sigwoorde

sien
vind
gister

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan drie van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

skuiling	speur	rein
juis	beur	heining
luis	keur	klein

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

w w

W w

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Waar kan hulle wegkom van die weer?

Ons doen

Skryf 'n paar sinne oor die prent op bladsy 106.

Meer oor die weer

Ons lees

Kleur die prente in om by die sinne te pas. Vul dan die korrekte woorde in. Gebruik die woorde om jou te help.

hy sy hulle

Dit is lente en _____ het 'n geel rok aan.

Dit reën en _____ het 'n groen-en-rooi sambreel.

Dit is warm en _____ eet pienk roomyse.

Dit is koud en _____ het 'n rooi wolmus met tossels op.

Datum:

Ons skryf

Lees die sinne en vul die ontbrekende woorde in. Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

Sy	Sy het 'n geel rok.
Sy	_____ het 'n hondjie
Hy	_____ is 'n seun
Hulle	_____ speel sokker

Ons skryf

Is jy 'n meisie of 'n seun?

seun

meisie

Ek is 'n _____.

Vir die pret

Kyk na die tabel. Lees dit saam met jou maatjie. Wat beteken die prentjies?

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
				

Vertel vir jou maat wat jy dink die antwoorde is. Skryf dan jou antwoorde neer.

Watter dag was sonnig?	_____
Watter dag was winderig?	_____
Watter dag was bewolk en reënerig?	_____
Op watter dag het dit gereën?	_____

Teken die weer vir die volgende 5 skooldae. Begin met vandag en vul die tabel in totdat dit voltooi is.

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag

Bongi en Anita plant groente

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

plant
tamaties
bone
mielies
gieter
water
kool
wortels
beet
kuikens

Ons lees

Ons het 'n groentetuin.
Ons plant mielies, tamaties en beet.
Ons plant ook bone en kool.
Ons gee ons plante genoeg water.

vurk
graaf

Datum:

Sigwoorde

goed
gou
groot

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan drie van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

tuin	genoeg	keer
skuim	groente	teer
snuif	groet	meer

Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

x X

X X

Ons skryf

Maak 'n lys van die groente wat jy in die prent op die vorige bladsy sien.

Ons skryf

Skryf drie sinne oor die vrugte en groente waarvan jy die meeste hou. Jy kan dit ook in jou klaswerkboek skryf.

Onderwyser: Teken _____ Datum _____

Ons plant

Ons praat

Praat met jou maatjie oor wat Anita en Bongi doen.
Stel 'n klasstorie saam.

Ons skryf

Lees die sinne en vul die ontbrekende woorde in.
Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

Bongi en Anita plant wortels en bone.
Die plante is _____
Hulle sny die _____
Ons maak _____ van melk
Hulle gee elke dag die plante _____

groen

plant

gras

kaas

water

Datum:

Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in.

bone | tamaties | wortels

Bongi en Anita plant

_____ en _____.

Hulle plant ook _____.

Ons doen

Sny die prentjies onderaan die bladsy uit en plak hulle op die korrekte plekke in die tabel in. Tel hoeveel prentjies daar in elke ry is. Skryf jou antwoorde aan die einde van elke ry.

						=	_____
						=	_____
						=	_____
						=	_____



In die wildtuin

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Datum:

Sigwoorde

haar
hand
hardloop

Ons lees



Daar is baie diere in die wildtuin.
Daar is olifante, luiperds, bokke en sebras.
Daar is ook klein diertjies soos hasies en paddas.
Die ape raak lui en gaap in die son.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan drie van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

lui	aap	boek	gier
luiperd	gaap	soek	versier
wildtuin	haas	moeg	nier



Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

y y

Y Y

Ons skryf

Beskryf wat jy in die prent sien. Jy kan dit ook in jou klaswerkboek skryf.

Wilde diere

Ons skryf

Vul die leë raampies in om die olifant en die haas te beskryf.

poot | slurp | stert | oor | oog | bek





Ons skryf

Hoeveel het elke dier? Vul die getalle in.

Olifant	
pote	
oë	
ore	
stert	
slurp	
bek	





Haas	
pote	
oë	
ore	
stert	
slurp	
bek	

Datum:

Ons skryf

Lees die sinne en vul die woorde uit die raampies in die spasies in.
Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

Ons gaan per bus na die diere kyk.
Die bus _____ wildtuin toe
Ons _____ baie diere sien
Ons sien sebras, luiperds en 'n _____
Daar is ook _____ bobbejane

bus

ry

groot

gaan

bok

Vir die pret

Maak hierdie prentjie klaar. Merk die dinge af wanneer jy hulle geteken het.

Teken die son.	✓
Teken 'n krokodil in die rivier.	
Teken 'n skilpad naby die klip.	
Teken 3 eende.	
Teken 'n bok wat water drink.	
Teken 'n leeu naby die bos wat vir 'n bok kyk.	



Die seisoene

Ons praat

Kyk na die prentjies en gesels daaroor.

Dit is somer.

Dit is herfs.

Dit is winter.



Dit is lente.

Ons lees

Watter seisoen is jou gunsteling?

In die herfs val die blare van die bome af.
In die winter kry ons koud.
In die lente is daar baie blomme.
In die somer is die bome groen.
Ek hou van die somer.

Datum:

Sigwoorde

hê
hele
help

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan drie van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

hond	honde
blaar	blare
dier	diere

kuiken	kuikens
luiperd	luiperds
padda	paddas



Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf

z z

Z Z

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.



Zak hoor die gezoem van die bye.

Ons doen

Teken 'n prentjie oor jou gunstelingweer. Skryf drie sinne oor jou prentjie in jou klaswerkboek.

Dae van die week en maande

Ons praat

Kyk na die kalender en gesels daaroor.

November						
Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30					

Ons skryf

Skryf antwoorde op hierdie vrae.



Vir watter maand is hierdie kalender?

Hoeveel dae is daar in die maand?

Op watter dag van die week val die eerste dag van die maand?

Op watter dag van die week val die laaste dag van die maand?

Hoeveel Sondae is daar?

Hoeveel Vrydae is daar?

Datum:

Ons skryf

Lees die sinne en vul die ontbrekende woorde in.
Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

Ons swem in die somer.
Dit is koud in die _____
Die blare val in die _____
Die voëltjies broei in die _____ uit
Ons gaan nie skool toe op 'n _____ nie

somer
winter
Saterdag
herfs
lente

Vir die pret

'n Dier is 'n lewende wese. 'n Plant is ook 'n lewende wese. Alle lewende dinge het suurstof, water en kos nodig om te kan leef. Vertel vir jou maatjie watter dinge in hierdie prentjie lewendig is. Omkring die lewende goed.

Vul die seisoen in wat in die prentjie gewys word.
_____

Die oseaan

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Stel 'n klasstorie saam.



Ons lees

Die haai het groot tande.
Baie vissies kruip tussen die rotse weg.
Dolfyne dans in die golwe.
Seekatte het agt arms.
Walvisse is die grootste diere in die see.

Datum:

Sigwoorde

hier
hom
hoe

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan drie van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

tand	tande
skulp	skulpe
rots	rotse

tuinier	tuiniers
gogga	goggas
ouma	oumas

Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.



tande



Die dolfyne dans in die golwe.

Ons doen

Teken 'n prentjie van 'n seedier.
Skryf drie sinne oor jou prentjie in jou klaswerkboek.

Onder die see

Ons doen

Verbind die kolletjies om die prentjie te voltooi. Kleur die prentjie in.



Wat is dit?

Ons skryf

Kyk na die prentjies en voltooi die sinne.
Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

skip | vis | jellievis | seester | haai

Dit is 'n _____

Dit is 'n _____

Dit is 'n _____

Dit is 'n _____

Dit is 'n _____

Datum:

Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.
Voeg 'n punt aan die einde van elke sin by.

sk	Die sk ip het oor die see gevaar.
ie	Ons het 'n groot walvis gesien
y	Die dolfyne het in die golwe gedans
ei	Ons het met die trein gery
eu	Die seuns was opgewonde oor die seekatte



Vir die pret

Help die kinders om 'n vis te vang.

Ollie die Olifant verdwaal

Ons praat

Kyk na die prentjies en gesels oor wat jy sien.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Ons lees

Al die olifante was besig om te eet. Ollie die baba-olifant het te ver van sy familie afgedwaal. Hy het geloop en geloop. Hy het nie gehoor toe hulle hom roep nie.

Baie gou ontmoet hy 'n leeu.



Toe loop hy maar verder na die rivier toe. Ollie ontmoet toe 'n seekoei.

Hy stap al verder todat hy 'n kameelperd ontmoet. Hy kyk op na die kameelperd.

Hy loop en loop totdat hy oor 'n skilpad struikel. Hy kyk af na die skilpad.

Ollie begin huil. Hy loop verder en gou ontmoet hy 'n bok.

Toe Ollie opkyk, sien hy 'n groot voël in 'n boom sit.

Toe is Ollie alleen. Hy sien toe 'n jagluiperd in die bos.

Die jagluiperd kan vinnig hardloop.

Ollie sien 'n sebra.



Datum:

Die krokodil wil Ollie vir middagete hê.

Toe sien Ollie se mamma haar baba. Sy gryp Ollie se stert en trek hom uit die rivier uit.

Ollie het nooit weer ver weggegaan van sy familie af nie. Hy het geweet hy is nie 'n leeu of 'n seekoei nie. Hy het geweet hy is nie 'n kameelperd of 'n skilpad nie. Hy het geweet hy is nie 'n voël of 'n jagluiperd of 'n sebra nie, ook nie 'n krokodil nie. Hy is Ollie en hy hoort by die olifante.

Jy is spesiaal.
Jou hele liggaam is spesiaal.
Jou liggaam behoort aan jou!

NIEMAND behoort aan jou privaat liggaamsdele te raak nie.

As iemand aan jou privaat liggaamsdele raak, moet jy iemand daarvan vertel.

As iemand jou dinge laat doen wat jy nie wil doen nie, moet jy iemand daarvan vertel.

Jy kan hierdie nommers bel:

Kinderlyn: 0800 05 55 55

Life Line: 0861 322 322

SAPD se noodnommer: 10111

SAPD se misdaadstopnommer: 086 00 10111

Kinderbeskermingseenheid: 012 393 2359/2362/2363

Anita	se	kat	sit
op	die	bont	mat.

bladsy 3

Bongi	speel	met
'n	blou	bal.

bladsy 7

Coen	en	Corrie
skop	'n	bal.

bladsy 11

Anita	en	Danie
hardloop	baie	vinnig.

bladsy 15

Ella	koop	melk
en	meel.	

bladsy 19

Fransie	en	haar
maats	lees	fabels.

bladsy 23

Gerrie	speel	met
'n	geel	hond.

bladsy 27



Cut out the circle on the elephant's face and put your finger through to form the trunk.

Finger puppets:
Cut out the finger puppets on the solid black lines and fold on the dotted lines. Now glue on the back where shown to form a finger puppet.






glue here
glue here
glue here
glue here